WolkKop by ATKV-tienertoneel

Aardklop Potchefstroom

(Deur die oë van 'n trotse onderwyseres)

Op Dinsdag, 7 Oktober 2014 om 06:00 vertrek ons sewe leerders, een regisseuse en drie "guardians" vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe na Lanseria Internasionale Lughawe. Die enigste lid van die geselskap wat nog nie voorheen gevlieg het nie, is Jane, maar sy is baie braaf en word beloon met 'n sprokieswêreld toe die vliegtuig deur die wolke dreun. Onder ons 'n see van watte en op daardie oomblik breek die son deur en alles verkleur van pienk, pers na oranje met die bergtoppe wat soos eilande lyk. 'n Onvergeetlike gesig!!!

By Lanseria haal ons 'n bussie wat ons veilig in Potchefstroom aflaai. Die kinders en mnr.Burger trek in die koshuis in en die drie dames storm by die Toneelfees se lokaal in om van die kompetisie se stukke te siene te kry.

Om 19:30 moet ons aanmeld vir die Tegniese toets en dis "all hands on deck". Elkeen weet presies wat om op te dra en wat om volgende te doen. Vir die volgende uur word alles van klank (Jaco Potgieter), beeldmateriaal (Christian Jolly) en beligting (Charl van Heyningen) getoets. Charlene Erlank (verhoogbestuurder) merk elke rekwisiet sorgvuldig as Marí met die posisionering tevrede is. Die akteurs doen uittreksels totdat hulle gemaklik in die nuwe ruimte voel en Marí haar stempel van goedkeuring op die toetsproses afdruk.

Woensdag tree ons op en Marí gee vir ons terugvoering van die beoordelaars af. Hulle lig 'n paar plekke uit waaraan die akteurs moet werk, maar ons lei af dat hulle beïndruk is. Marí se woorde

aan die leerders sal ek nie vergeet nie: “Onthou net … ons raak nie arrogant nie … nooit nie.”

Met die optrede Donderdag het dit nog beter gegaan! Hierdie keer word daar nie terugvoering gegee nie, maar die beoordelaars sou fyn dopgehou het of die verbeteringe wat hulle voorgestel het, wel deur die groep uitgevoer is.

Vrydagoggend om 09:00 vergader al tien die finaliste in die saal vir die formele prysuitdeling. Landwyd het 185 produksies deelgeneem en om een van die tien finaliste te wees, was reeds ‘n uitmuntende prestasie!! Dit was die ATKV Tienertoneel se 50 ste herdenking hierdie jaar en dus ‘n baie spesiale geleentheid. GROOT… GROOT was ons vreugde toe Mari die prys vir Tegniese Versorging en Regie ontvang het. Toe volg die oomblik dat al drie ons akteurs vereer word : Jacques Meyer as Beste Manlike Ondersteunende Akteur, Jane de Wet as Beste Vroulike Aktrise en Ben Albertyn as Beste Manlike Akteur. Met ingehoue asem en harte wat op galop is in ons borsholtes, moes ons wag vir die laaste aankondiging : Algehele wenner van ATKV Tienertoneel 2014…… WOLKKOP!!!!!!!!!!!

Die vreugdevure kon net ‘n rukkie brand, want om 12:30 moes ons terug wees op die verhoog. Dit was ‘n uitdaging, want die adrenalien wat so vrylik vroeër gevloei het, het almal bietjie lam in die litte gelaat!! MAAR … ons jongmense het hulle gehandhaaf soos hulle geleer is en weer ‘n professionele weergawe van “WolkKop” op die planke gebring.

En Saterdagoggend, toe hulle hul laaste optrede moes lewer, was hulle weereens gefokus en net die beste goed genoeg vir die “nuwe gehoor” wat voor hulle gesit het. Dit was so ‘n voorreg om dit te aanskou! En ons trots het geen perke geken nie!

Binne minute moes alles opgepak en die rekwisiete verpak word sodat die vervoermaatskappy dit die volgende dag kon kom oplaai. Die bussie het al gewag om ons na Lanseria te neem. Moeg, maar baie tevrede het ons Potchefstroom verlaat. Jane het toe ook geleentheid gehad om die turbulensie van 'n Hoëveldse agtermiddag op 35 000 m te beleef en te oorleef!!

Met dankbare harte is elkeen in die kring van hul familie, in die mooie Kaap, verwelkom.

Ons spreek ons hoogste waardering en dank uit aan mnr. Schenck en die lede van die Beheerliggaam wat die geleentheid vir ons moontlik gemaak het.

Ek wil graag van hierdie platform gebruikmaak om vir u die volgende inligting deur te gee : Marí Borstlap het in 2006, toe Ben en Jacques tjokkertjies in Graad 4, by Somerset-Wes Primêr was, vir die eerste keer by hulle drama-afrigting betrokke geraak. Dus is hierdie ongelooflike kragtoer van WolkKop 'n uiters gepaste prestasie aan die einde van hierdie twee akteurs se skooldramaloopbaan!!! Jane het sedert 2012 saam met Marí gewerk. Ek bring hulde aan Marí vir jare se betrokkenheid by ons leerders en wil haar bedank vir al die kennis en ervaring wat sy oor die jare met hulle gedeel het.

WolkKop... Die Hoërskool Parel Vallei is BAIE TROTS OP JULLE !!!

Marietjie Steyn